# VERSLAG VAN DIE Raad van Direkteure

## vir die jaar geëindig 30 Junie 2023

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

## Aard van bedrywighede

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontantinkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings.

Die groep se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in gesondheidsorg; verbruikersprodukte; finansiële dienste; infrastruktuur; nywerheid en mediabelange.

## Resultate

| **Jaar geëindig** | **30 Junie 2023** | 30 Junie 2022 |
|---|---|---|
| Wesensverdienste (R miljoen) | **7 056** | 6 494 |
| – per aandeel (sent) | **1 254** | 1 151 |
| – verwater (sent) | **1 244** | 1 141 |
| Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen) | **9 624** | 13 139 |
| – per aandeel (sent) | **1 710** | 2 328 |
| – verwater (sent) | **1 696** | 2 313 |
| Dividende (R miljoen)[(1)] | **1 364** | 852 |
| – gewoon – per aandeel (sent) | **240** | 150 |

[(1)] *'n Finale dividend van 160 sent (2022: 100 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Die finale dividend is onderhewig aan dividendbelasting.*

## Beleggingsaktiwiteite

***Die wesentlike beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:***

### Mediclinic Group Beperk (Mediclinic)

Op 26 September 2022 het Mediclinic se aandeelhouers ten gunste van die kontantaanbod van Manta Bidco Beperk (Bidco), 'n nuutgevormde maatskappy wat gesamentlik deur Remgro en MSC Mediterranean Shipping Company SA (MSC) besit word, gestem om die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic, en wat nog uitgereik gaan word, buiten die Mediclinic-aandele wat Remgro reeds besit (die Mediclinic-verkryging), te bekom. Die laaste opskortende voorwaardes in verband met die Mediclinic-verkryging is in Mei 2023 nagekom. Op 6 Junie 2023 het Mediclinic-aandeelhouers 501 pennies per Mediclinic-aandeel ontvang, bestaande uit die aanbodprys van 504 pennies minus die dividend van 3 pennies per Mediclinic-aandeel, wat op 26 Augustus 2022 betaal is.

Ten einde die Mediclinic-verkryging moontlik te maak, het Remgro sy bestaande 328 497 888 Mediclinic-aandele (wat 'n belang van 44.6% verteenwoordig) aan Bidco verkoop in ruil vir aandele in Bidco, en ingeskryf vir bykomende Bidco-aandele ten bedrae van £221 miljoen (wat 'n bykomende indirekte belang van 5.4% in Mediclinic en ongeveer 50% van Bidco se transaksiekoste verteenwoordig). MSC het ook ingeskryf vir Bidco-aandele ten bedrae van £1 867 miljoen (wat 'n indirekte belang van 50% in Mediclinic en 50% van Bidco se transaksiekoste verteenwoordig).

Aangesien Remgro se belegging in Mediclinic (geassosieerde) en Bidco (gesamentlike onderneming) volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word, het Remgro effektiewelik die ekwiteitsverantwoording van sy 44.6%-belang in Mediclinic aan die einde van Mei 2023 gestaak en begin om sy indirekte belang van 50% in Mediclinic, deur sy 50%-belang in Bidco, volgens die ekwiteitsmetode te verantwoord. Bidco het billike waarde aanpassings aan Mediclinic se staat van finansiële stand gemaak toe die 100%-belang in Mediclinic bekom is. Hierdie billike waarde aanpassings hou hoofsaaklik verband met Mediclinic se eiendomme en die Mediclinic-handelsmerk in Suid-Afrika en die Midde-Ooste. Remgro sal voortaan waardevermindering en amortisasie op hierdie bykomende bates wat geïdentifiseer is binne wesensverdienste verantwoord. Die bykomende waardevermindering en amortisasie sal slegs geld ten opsigte van Remgro se nuwe verkryging van die indirekte 5.4%-belang in Mediclinic, aangesien 'n belang van 44.6% reeds besit word.

### Distell Group Holdings Beperk (Distell)

Op 15 Februarie 2022 het Distell se aandeelhouers die samevoeging van Heineken se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende 'n belang in Namibia Breweries, met die grootste gedeelte van Distell se besigheid (bestaande uit sy siderbesigheid, ander RTDs (gereed-om-te-drink), spiritualieë en wynbesigheid) in Heineken Beverages, 'n nuwe ongenoteerde entiteit, wat deur Heineken beheer sal word, goedgekeur. Die transaksie het die ontbondeling deur Distell van die ongenoteerde aandele in sy filiaal, Capevin, wat die oorblywende bates, insluitende die Skotse whiskybesigheid, van Distell hou, ingesluit. Die transaksie, wat op 26 April 2023 geïmplementeer is, het ook 'n aanbod deur Heineken Beverages aan Distell-aandeelhouers ingesluit om hul Distell-aandele teen R165 per aandeel, en/of ongenoteerde aandele in Heineken Beverages, of 'n kombinasie daarvan, te bekom (onderhewig aan 'n potensiële terugskaal van die uitreiking van aandele in Heineken Beverages aan Distell-aandeelhouers wat gekies het om Heineken Beverages-aandele te ontvang ten einde 'n 65%-aandeelhouding deur Heineken in Heineken Beverages te verseker), asook 'n aanbod van Heineken aan Distell-aandeelhouers om hul Capevin-aandele teen R15 per aandeel te bekom.

Remgro het gekies om Heineken Beverages-aandele vir sy Distell-aandele te ontvang. As gevolg van die terugskaling het Remgro egter op 26 April 2023 7 607 803 Distell-aandele vir R1 255 miljoen (of R165 per Distell-aandeel) aan Heineken Beverages verkoop en die oorblywende 62 242 453 Distell-aandele vir 62 242 453 Heineken Beverages-aandele (wat 'n belang van 15.5% verteenwoordig) geruil. Na die implementering van die transaksie, het Remgro 'n verdere 13 218 475 aandele in Heineken Beverages vir R2 181 miljoen (of R165 per aandeel, transaksiekoste uitgesluit) in 'n reeks buitemark-transaksies, bekom. Hierdie transaksies het Remgro se belang in Heineken Beverages tot 18.8% verhoog. Aangesien Remgro, deur direksieverteenwoordiging, beduidende invloed oor Heineken Beverages het, word die belegging as 'n

geassosieerde geklassifiseer en volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Beide Remgro en Heineken Beverages het billike waarde aanpassings in die state van finansiële stand van Heineken Beverages en Distell, asook Namibia Breweries, onderskeidelik, gemaak. Hierdie billike waarde aanpassings hou meestal verband met die onderskeie handelsmerke wat hierdie maatskappye besit (onder andere *Savanna, Heineken, Amstel, Windhoek Lager* en *Amarula*), sowel as Distell se eiendomme en voorraad. Remgro sal voortaan waardevermindering en amortisasie van hierdie bykomende geïdentifiseerde bates binne wesensverdienste verantwoord.

Remgro het nie die kontantaanbod aanvaar wat Heineken gemaak het vir die Capevin-aandele nie en daarom weerspieël Remgro se aandeelhouding in Capevin die aandeelhouding wat voorheen in Distell gehou is, naamlik 'n ekonomiese belang van 31.4% en 'n stemreg van 55.9%. Die Capevin-belegging bly dus as 'n filiaal geklassifiseer.

## Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)

Soos vroeër gerapporteer, gaan Vodacom Eiendoms Beperk (Vodacom) deur 'n kombinasie van bates van nagenoeg R4.2 miljard en kontant van minstens R6.0 miljard, tot 40% van die gewone aandele van 'n nuutgeskepte volfiliaal van CIVH (naamlik Maziv Eiendoms Beperk (Maziv)) bekom. Maziv hou onder andere CIVH se huidige belange in Vumatel en DFA. As gevolg van die voorgestelde transaksie, sal Remgro se indirekte belang in DFA en Vumatel verwater met die toetrede van Vodacom as aandeelhouer, maar Remgro sal ook 'n indirekte belang verkry in die bates wat deur Vodacom bygedra word. In Augustus 2023 het die Mededingingskommissie van Suid-Afrika 'n nie-bindende aanbeveling aan die Mededingingstribunaal gemaak dat die voorgestelde transaksie verbied word. Remgro en CIVH bly verbind tot die voorgestelde transaksie en glo dat, indien dit uiteindelik deur die Mededingingstribunaal toegelaat word, dit aansienlike voordele vir Suid-Afrikaanse verbruikers en die breër ekonomie sal meebring.

## Grindrod Beperk (Grindrod)

Op 17 Oktober 2022 het Remgro sy belegging in Grindrod by wyse van 'n dividend *in specie* ter waarde van R1 640 miljoen aan aandeelhouers ontbondel in die verhouding van 30.70841 Grindrod-aandele vir elke 100 Remgro-aandele gehou.

## FirstRand Beperk (FirstRand)

In Julie 2022 het Remgro 19.2 miljoen FirstRand-aandele vir R959 miljoen (teen R49.945 per FirstRand-aandeel) verkoop. Hierdie FirstRand-aandele was deel van die 60 miljoen FirstRand-aandele wat deur 'n reeks opsies verskans is en wat gedurende Junie en Julie 2022 uitoefenbaar geword het. Remgro het die 60 miljoen FirstRand-verskanste aandele verkoop om sy opsie-verpligtinge na te kom. Die ander 40.8 miljoen FirstRand-aandele is in Junie 2022 verkoop.

In November 2022 het Remgro nog 'n verskansingstransaksie op 30 miljoen FirstRand-aandele aangegaan. Hierdie smal nulkosteband het 'n termyn van twee jaar, met 'n verwysingsprys van R67.37 per FirstRand-aandeel, wat beskerming teen 95% van die verwysingsprys (of R64.00) bied, met 'n roep-trefkoers van 115.72% (of R77.96). Terselfdertyd het Remgro 'n skripleningsooreenkoms aangegaan om die prysbepaling van die smal nulkosteband te optimaliseer. Remgro sal toegelaat word om met hierdie aandele te stem by FirstRand se algemene jaarvergadering(s) en is geregtig op dividende verklaar op 'n vooraf ooreengekome vlak. FirstRand-aandele word verskans op 'n 1:1-grondslag en die smal nulkosteband word erken teen billike waarde, met veranderinge in die billike waarde wat in ander omvattende inkomste verantwoord word.

In Maart 2023 het Remgro nog 'n verskansingstransaksie op 'n verdere 30 miljoen FirstRand-aandele aangegaan ingevolge soortgelyke voorwaardes as die voorafgaande smal nulkosteband, maar met 'n verwysingsprys van R67.02 per FirstRand-aandeel, wat beskerming teen 95% van die verwysingsprys (of R63.67) bied, met 'n roep-trefkoers van 114.00% (of R76.40). Die vlakke van die vooraf ooreengekome dividende is verhoog vanaf die vlakke wat in November 2022 gestel is.

Op 30 Junie 2023 was die nulkosteband in 'n verpligting-posisie ten bedrae van R92 miljoen.

## Asia Partners Fondse

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende $1 miljoen in Asia Partners I LP (Asia Partners I) belê en daardeur sy kumulatiewe belegging tot $20 miljoen verhoog. Remgro het ook 'n aanvanklike belegging van $8 miljoen in Asia Partners II LP (Asia Partners II) gemaak, met die verbintenis om 'n maksimum van tot $50 miljoen (beperk tot 10% van die totale fondsgrootte) te belê. Op 30 Junie 2023 het die 10% $41 miljoen bedra. Die billike waarde van Remgro se beleggings in Asia Partners I en Asia Partners II het op 30 Junie 2023 onderskeidelik $28 miljoen en $7 miljoen beloop, terwyl die oorblywende verpligtinge ten opsigte van die fondse $5 miljoen en $33 miljoen onderskeidelik is.

## Milestone China Funds

Op 30 Junie 2023 het Remgro se totale belegging in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) $102 miljoen bedra. In die jaar onder oorsig het Remgro uitkerings van $9 miljoen van Milestone III ontvang, waardeur sy kumulatiewe uitkerings tot $98 miljoen verhoog is. Op 30 Junie 2023 het die billike waarde van Remgro se belegging in Milestone III $39 miljoen bedra.

Milestone Capital Investments Holdings Beperk (MCIH) is die fondsbestuursmaatskappy van Milestone China Funds. In Desember 2022 het Remgro 'n ooreenkoms aangegaan om sy belegging in MCIH vir $7.3 miljoen te verkoop. Die opbrengs en uitkerings wat in die verlede van MCIH ontvang is, is gelykstaande aan Remgro se oorspronklike belegging in die maatskappy.

## Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R57 miljoen in PRIF belê en uitkerings van R485 miljoen ontvang (hoofsaaklik vanweë die verkoop van PRIF se belegging in ETG Group). Dit het die kumulatiewe belegging tot R634 miljoen en kumulatiewe uitkerings tot R832 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2023 het die billike waarde van Remgro se belegging in PRIF R325 miljoen en die oorblywende verpligting R30 miljoen bedra.

## Ander

Ander kleiner beleggings het R119 miljoen bedra.

# Gebeure na jaareinde

## RCL Foods: Verkoop van Vector Logistics

Die verkoop van RCL Foods se Vector Logistics-segment, wat op 30 Junie 2023 as "gehou vir verkoop" aangebied is, is op 28 Augustus 2023 afgehandel en het 'n netto kontantbedrag van R1 307 miljoen bedra bestaande uit die koopprys van R1 250 miljoen plus rente en minus die na-belaste aandele-opsieverpligting van Vector Logistics. Die koopprys is onderhewig aan die bereiking van sekere EBITDA-teikens, wat tot gevolg mag hê dat die koopprys in die toekoms met tot R100 miljoen afwaarts of opwaarts aangepas word. Die verskuiwing van Vector Logistics uit RCL Foods en sy gedeelde diensplatform sal na verwagting oor die volgende 12 maande geskied.

## Capevin: Beëindiging van Gordon's Gin-verspreidingsooreenkoms

Die Gordon's Gin en Pimm's No1 Cup verspreidingsooreenkoms, wat op 30 Junie 2023 as "gehou vir verkoop" aangebied is, was ingesluit in die oorblywende bates wat aan Capevin toegeken is as deel van die Distell/Heineken-transaksie. Op 19 Julie 2023 het die Mededingingskommissie van Suid-Afrika die transaksie goedgekeur, ingevolge waarvan die verspreidingsooreenkoms, sonder voorwaardes, ten gunste van die handelsmerkeienaar, Diageo, beëindig sal word. Die transaksiebedrag is R1 miljard, waarvan R700 miljoen op 4 Augustus 2023 ontvang is. Die uitstaande bedrag van R300 miljoen is oor die volgende tien maande betaalbaar onderhewig daaraan dat Capevin sekere drempels bereik ten opsigte van die voortgesette verskaffing en vervaardiging van die produkte aan Diageo.

Buiten bogenoemde gebeure was daar geen ander beduidende gebeure sedert 30 Junie 2023 nie.

# Kontantbronne by die kern

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2023 was soos volg:

| | 30 Junie 2023 | | | 30 Junie |
|---|---|---|---|---|
| **R miljoen** | **Plaaslik** | **Buiteland** | **Totaal** | 2022 |
| Per gekonsolideerde staat van finansiële stand | **2 703** | **3 344** | **6 047** | 11 884 |
| Belegging in geldmarkfondse | **4 582** | **–** | **4 582** | 5 700 |
| Min: Kontant van bedryfsfiliale | **(1 413)** | **(215)** | **(1 628)** | (5 304) |
| **Kontant by die kern** | **5 872** | **3 129** | **9 001** | 12 280 |

Op 30 Junie 2023, was ongeveer 50% (R4 532 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Vir verdere inligting verwys na aantekening 5 van die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

# Groep finansiële oorsig

## Staat van finansiële stand

Die ontleding van "Ekwiteit aangewend" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is, maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

| | 30 Junie 2023 | | 30 Junie 2022 | |
|---|---|---|---|---|
| | **R miljoen** | **R per aandeel** | R miljoen | R per aandeel |
| *Ekwiteit aangewend* | | | | |
| Toeskryfbaar aan ekwiteithouers | **115 920** | **207.51** | 98 443 | 174.52 |
| *Aanwending van ekwiteit* | | | | |
| Gesondheidsorg | **41 050** | **73.48** | 26 681 | 47.30 |
| Verbruikersprodukte | **29 536** | **52.87** | 23 463 | 41.60 |
| Finansiële dienste | **7 053** | **12.63** | 6 500 | 11.52 |
| Infrastruktuur | **7 180** | **12.85** | 8 571 | 15.19 |
| Nywerheid | **6 168** | **11.04** | 5 957 | 10.56 |
| Gediversifiseerde beleggingsvoertuie | **5 546** | **9.93** | 5 354 | 9.49 |
| Media | **1 051** | **1.88** | 967 | 1.71 |
| Portefeuljebeleggings | **15 641** | **28.00** | 14 799 | 26.24 |
| Maatskaplike impakbeleggings | **126** | **0.23** | 132 | 0.23 |
| Sentrale tesourie | | | | |
| – Kontant by die kern | **9 001** | **16.11** | 12 280 | 21.77 |
| – Skuld by die kern | **(7 857)** | **(14.06)** | (7 838) | (13.90) |
| Ander netto korporatiewe bates | **1 425** | **2.55** | 1 577 | 2.81 |
| | **115 920** | **207.51** | 98 443 | 174.52 |

## Inkomstestaat

| | **30 Junie 2023** | | 30 Junie 2022 | |
|---|---|---|---|---|
| | **R miljoen** | **%** | R miljoen | % |
| *Bron van wesensverdienste* | | | | |
| Gesondheidsorg | **1 691** | **24** | 1 267 | 20 |
| Verbruikersprodukte | **1 208** | **17** | 1 906 | 29 |
| Finansiële dienste | **960** | **14** | 866 | 13 |
| Infrastruktuur | **317** | **4** | 613 | 9 |
| Nywerheid | **868** | **12** | 1 800 | 28 |
| Gediversifiseerde beleggingsvoertuie | **834** | **12** | 95 | 1 |
| Media | **171** | **2** | 178 | 3 |
| Portefeuljebeleggings | **804** | **11** | 444 | 7 |
| Maatskaplike impakbeleggings | **(24)** | **–** | (20) | – |
| Sentrale tesourie | | | | |
| – Finansieringsinkomste | **650** | **9** | 224 | 3 |
| – Finansieringskoste | **(628)** | **(9)** | (627) | (10) |
| Ander netto korporatiewe inkomste/(koste) | **205** | **4** | (252) | (3) |
| | **7 056** | **100** | 6 494 | 100 |

# Aandeleaansporingskemas

Remgro het tans drie langtermynaansporingsplanne, naamlik die ou Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (SAR-skema), die Remgro Aandelegroeiregplan (SAR-plan) en die Remgro Ekwiteitsvereffende Voorwaardelike Aandeleplan (CSP).

Ingevolge die SAR-skema en SAR-plan word Remgro gewone aandele ter waarde van die groei van hul reg tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele aan deelnemers aangebied wat uitgeoefen kan word binne verskillende intervalle, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is. Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroeiregte vestig en uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Ingevolge die CSP ontvang deelnemers Remgro gewone aandele wat soos volg vestig:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Vestiging van beide skemas is voorwaardelik en onderworpe aan die voltooiing van die werknemertydperk en die nakoming van prestasievoorwaardes (waar toepaslik).

Verwys na aantekening 8 by die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, vir volledige besonderhede van beide skemas.

# Tesourie-aandele

Op 30 Junie 2022 is 4 205 497 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou ten einde Remgro se aandele-skemas (Remgro skema-aandele) te verskans. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere 4 000 000 Remgro skema-aandele teen 'n gemiddelde prys van R138.92 per aandeel teruggekoop vir 'n totale bedrag van R556 miljoen, terwyl 441 560 Remgro skema-aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers te vereffen.

Ingevolge 'n algemene aandele-terugkoopprogram van R1 miljard het Remgro, deur 'n volfiliaal, 6 583 676 Remgro gewone aandele tussen 19 Junie 2023 en 2 Augustus 2023 (Remgro-terugkoopaandele) in die mark bekom. Hierdie aandele verteenwoordig 1.2% van die maatskappy se uitgereikte gewone aandele onmiddellik voor die transaksie. Op 30 Junie 2023 is 1 882 333 Remgro-terugkoopaandele teen 'n gemiddelde prys van R145.62 per aandeel vir 'n totale bedrag van R274 miljoen verkry. Sedert 30 Junie 2023 is nog 4 701 343 Remgro-terugkoopaandele teen 'n gemiddelde prys van R154.40 per aandeel vir 'n totale bedrag van R726 miljoen bekom. Die aandele-terugkoopprogram is op 2 Augustus 2023 afgehandel. Hierdie Remgro-terugkoopaandele is verkry as deel van 'n voortgesette strategiese fokus om, deur 'n gedissiplineerde kapitaaltoewysingsprogram, waarde aan aandeelhouers te lewer.

Op 30 Junie 2023 is 9 646 270 Remgro gewone aandele (1.8%), waarvan 7 763 937 Remgro skema-aandele en 1 882 333 Remgro-terugkoopaandele, as tesourie-aandele gehou.

# Hoofaandeelhouer

Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (Rupert Beleggings) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.91% (2022: 42.66%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 167 en 168.

# Filiale en beleggings

Besonderhede van filiale en geëkwiteerde beleggings word in aantekening 14 van die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, uiteengesit.

# Direkteure

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 90 tot 93 van die geïntegreerde jaarverslag.

Dr T Leoka is as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel met effek van 22 Maart 2023, welke direkteursaanstelling ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig sal word. Die direksie verwelkom Dr T Leoka as direkteur van die maatskappy.

Kragtens die bepalings van die akte van oprigting tree mnre N P Mageza, G G Nieuwoudt, K S Rantloane, J P Rupert en N J Williams volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

# Belange van direkteure

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy het, in totaal op 30 Junie 2023, 3.34% (2022: 3.33%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rupert Beleggings wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 169.

# Direkteursvergoeding

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R6.7 miljoen (2022: R6.1 miljoen) beloop.

# Aankoop van aandele van die maatskappy

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die direksie toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaal van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk.

'n Spesiale besluit om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 173 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

# Magtiging om gewone aandele onder beheer van die direkteure te plaas

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die direksie toegestaan word om gewone aandele toe te ken en uit te reik, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, die akte van oprigting en die noteringsvereistes van die JSE Beperk, op voorwaarde dat die totale getal aandele toegeken en uitgereik tot 5% van die aantal onuitgereikte gewone aandele in die gemagtigde aandele-kapitaal van die maatskappy (naamlik 23 539 150 gewone aandele) beperk word. Die magtiging kan nie aangewend word om aandele vir kontant uit te reik nie.

'n Gewone besluit om hierdie algemene magtiging aan die direksie te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 172 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

# Verklaring van kontantdividend

## Verklaring van kontantdividend Nr. 46

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 160 sent (2022: 100 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2023.

Dividendterughoubelasting van 20% of 32 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 128 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividendterughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbel-belastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2023 bedra dus 240 sent teenoor 150 sent vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

## Betaling

Die finale dividend is op Maandag, 13 November 2023, betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 10 November 2023, geregistreer is.

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 8 November 2023, en Vrydag, 10 November 2023, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

# Sekretaris

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 164 van die geïntegreerde jaarverslag.

# Goedkeuring

Die omvattende finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, asook die verkorte finansiële jaarstate op bladsy 20 tot 130 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



**Johann Rupert**
*Voorsitter*



**Jannie Durand**
*Hoofuitvoerende beampte*

Stellenbosch
20 September 2023